Trappers skrik nie vir ver grondpad

Eina, eina! Nooit weer nie... Is daar 'n koue bier?

Dít is hoe fietsryers verlede Saterdag, 20 Januarie, die eindstreep van die Heilbron Mini-Epic begroet het.

Dou-voor-dag het 25 bergfietsryers mekaar voor die CVO-skool ontmoet. Fietse is vir oulaas nagegaan en trappers het mekaar 'n laaste keer moed in gepraat voordat pst. Leon Deysel die rit op 'n gepaste wyse geopen het.

Die gesellige groep brawes het kort voor 6:00 weggespring waarna 135km se grondpad vir hul voorgelê het.

Die roete het gestrek van Heilbron met die Greenlandsgrondpad tot by Koppiesdam. Langs die dam is die trappers by Indunduma Lodge met 'n *brunch* bederf voordat hul weer met die Waaihoekpad, Poortjie om, terug op die Heilbron/Koppiesgrondpad beland het vir die laaste 30km terug dorp toe.

"Die eerste 58 km het soos 'n droom verloop. Ons het die wind in ons blaaie, 'n vlieswolk voor die son en meestal afdraende gehad na Koppiesdam," het Annari Combrink vertel. "Daarná het toestande egter handomkeer verander en is ons met die wind van voor, Afrika-son van bo en opdraend terug huis toe," aldus haar.

"Die laaste '*climbs*' huis toe was beslis die ergste," het Chris Lombard met haar saamgestem. "Ek dink ons het te min geoefen en toe te vinnig in die hitte moeg geword," het Sarina Leeb verduidelik waarom dit gevoel het asof die fietsryers se krag vóór die grondpad op was.

Om 135km met 'n fiets aan te pak sit egter nie in enigeen se broek nie en deeglike voorbereiding en strategieë is belangrik. Volgens Joanita Steenkamp is dit belangrik om die fietsryers om jou as aansporing te gebruik.

"Ek het saam met Liza Boshoff gery en dit het baie gehelp. Sy druk my altyd so 'n bietjie tot bo my vuurmaakplek." Sy het ook vertel dat sy as "*rookie*" dit geniet het om saam met "geharde fietsryers" te kon trap. "Gewoonlik jaag hulle net verby, maar verlede Saterdag was ek in die posisie om saam met oom Altus te kon ry en hy't my baie van uithouritte geleer."

"Dit is belangrik dat jy nie moet dink aan die aantal kilometers wat nog voorlê nie," het Boshoff verduidelik wat nodig is om jou kop aan die trap te hou.

Al die fietsryers was dit eens dat die hoogtepunt van die rit die geselskap op en langs die pad was. "Die samesyn en die geselsies met mekaar maak die pad korter. Dit was vir my hartseer toe ons weer uitmekaar moes gaan," aldus Ernst Zitzke. Wentzel Janse van Rensburg het bygevoeg dat daar 'n lekker gees onder die fietsryers geheers het en dat die voertuie wat die geselskap vergesel het, goed toegerus was met alles wat nodig is om weer woema in die bene te blaas.

Die Heilbron Mini-Epic is die breinkind van Colett Els en Altus Volschenk. 'n Paar jaar gelede het hul begin om die uitdaging aan te bied aangesien dit 'n goeie geleentheid vir die fietsryers was om vir die Argus voor te berei. Vanjaar was die derde jaar wat die rit aangebied is, maar die eerste keer wat die roete op die grondpad plaasgevind het.

"Ons het altyd Kroonstad toe gery so voor die Argus vir oefening. Toe stel oom Altus voor dat ons 'n verder afstand se oefening moet inkry - amper soos 'n mini-Epic. En ek glo nou die Mini-Epic is hier om te bly," het Els vertel.

Fietsryers wat aan die Mini-Epic deelgeneem het met die afstand wat hul voltooi het, was:

135km - Neels Claasen, Chris Lombard, Dawie Herbst, Ernst Zitzke, Ludwig en Meyer Leeb (17jr.), Johan de Lange, Morné Victor, Rocco Steenbergen, Tobie Holland, Nigel Evans, Wentzel Janse van Rensburg, Altus Volschenk, Annari Combrink, Joanita Steenkamp en Jozann Germishuys

130km - Liza Boshoff

116km - Colett Els

95km - Fires en Bia van Vuuren, Sarina en Jana Leeb en Corrie van Rooyen

73km - Ronel Theron

39km - Albert Els

Theuns Serfontein kon weens mediese redes nie aan die bergfietsuitdaging deelneem nie, maar het saam met die fietsryers weggespring en 190km met sy padfiets na Reitz en op die Frankfortpad afgelê.

Die fietsryers het al die organiseerders, borge en vrywilligers wat by die dag betrokke was opreg bedank.

• Van die Heilbronners beplan om volgende aan die Bieliemieliefees se bergfietsuitdaging deel te neem, maar eintlik is die hoogfokus die Cape Town Cycle Challenge (Argus), wat in Maart plaasvind.

HOU BENE HOU: *Die dames wat aan vanjaar se Heilbron Mini-Epic deelgeneem het was agter van links: Joanita Steenkamp, Jana Leeb, Colett Els, Sarina Leeb en Annari Combrink. Voor van links: Liza Boshoff, Bia van Vuuren, Jozann Germishuys en Ronel Theron.*

LEWENSREDDER: *Voordat fietsryers die laaste 22km terug dorp toe aangepak het, kon hul by Elza Kriel langs die pad stop vir 'n vesnappering en koue water. Van links is Elzeri Combrink (helpertjie), Colett Els, Liza Boshoff, Jozann Germishuys, Joanita Steenkamp, Kriel en Albert Els.*

TYD OM BENE TE REK: *Van links neem Liza Boshoff, Colett Els, Joanita Steenkamp, Jozann Germishuys en Altus Volschenk 'n vinnige blaaskans voordat hul weer die saal aandurf.*

LANGPADTRAPPERS: *Deelnemers aan die Heilbron Mini-Epic wat kans gesien het om die 135km aan te pak.*

HERALD GRAPHICS

• Ontwerp en uitleg / Grafika • Jaarblaaie • Prospektusse • Strooibiljette, brosjures & plakkate • Kommersiële drukwerk (Soos bv. Faktuurboeke, kwitansieboeke, visitekaartjies, ens.) • Skoolkoerante • Troukaartjies • Begrafnisbriewe • Alle skryfbehoeftes • Laminering • Stuur & ontvang van e-posse en fakse • Fotostate • Kantoortoerusting • Druk op "Canvas" • Druk op "PVC" Baniere • Druk mag-neet (Soos bv. advertensies op alle voertuie) • Druk plakkers • Advertensies op motorvoertuie • Druk van winkel- en plaasnaamborde • Druk op T-hemde en materiaal. • Stempels • En vele meer ...

Opgeleide Grafiese Ontwerpers

Herald Office National

Elsstr 44, Heilbron, 9650
Tel: 058 852 3033 • Faks: 058 853 0140

Toyota Hilux te koop

Toyota Hilux 4x4 D/C
1997 Model
254645 Km

Lexus V8 Conversion
Maxxis 33" Bande
Canopy

R 120 000.00

Skakel 083 377 4217

Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033
E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za